Donderdag **21 Maart**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 4:14 – 5:10**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 4:16, 5:7 (AFR83/92/2020)**

**Bid soos ons Here Jesus: met vrymoedigheid en eerbied**

Hebreërs 4:14 – 5:10 vorm die inleiding van die Hebreërskrywer se beskrywing van ons Here Jesus se unieke priesterskap, sy volkome offer in die hemelse heiligdom, en hoe Hy middelaar is van die nuwe verbond (Heb. 7:1 – 10:18).

Ons Skrifgedeelte bevat onder andere twee treffende verwysings na gebed. In hierdie verse word ons opgeroep om te bid soos ons Here Jesus gebid het: met vrymoedigheid en eerbied.

Hebreërs 4:16 moedig ons aan om met vrymoedigheid na God se troon van genade te gaan in gebed. Ons kan God met vrymoedigheid nader omdat Christus ons groot Hoëpriester is wat met sy hemelvaart in die allerheiligste teenwoordigheid van God ingegaan het, gaan sit het aan God se regterhand, en nou vir ons intree (vgl. Heb. 7:25; 9:24). Hy is ons waarborg dat ons met vrymoedigheid tot God kan nader.

Hebreërs 5:7 roep ons indirek op om te bid soos ons Here Jesus. Die vers verwys na ons Here Jesus se gebed in die tuin van Getsemane (Matt. 26:36-46). Enkele ure voor sy kruisiging het Hy innig tot sy Vader gebid om Hom te spaar van die lyding en dood wat voorlê. Hebreërs 5:7 stel dat ons Here Jesus se gebed verhoor is "op grond van sy eerbiedige onderworpenheid aan God". Christus het eerbiedig gebid dat die Vader se wil moet geskied – en dit het. Dit was sy Vader se wil dat Hy die lydensbeker namens ons almal moes drink. Op hierdie wyse is sy gebed verhoor. In ons swaarkry mag ons ook tot God uitroep in gebed. Ons mag eerlik bid met trane en gesmeek. Maar, soos ons Here, moet ons bid met eerbied. Ons moet bid dat slegs God se wil sal geskied.

Mag ek en jy opnuut besef dat ons God in gebed kan en moet nader met vrymoedigheid én eerbied.

*Sing: Psalm 81-1:11, 12*

*Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)*